

Mag 'n vrou ook tztzit dra?

Daar is 'n algemene gedagte en lering dat die manlike "seun" ook as kinders vertaal kan word as gevolg van kulturele verskille met die tyd waarin dit geskryf is. Ek kan nie daarmee saamstem nie en wil graag dit in kort hier deurgee. Ek hanteer slegs een aspek en weet daar moet meer geskryf behoort te word oor die man en vrou se afsonderlike skeppingsrolle volgens die Woord.

**Eerstens:** Ons moet die skeppingsrol van die man en vrou duidelik verstaan. Teen die ganse wêreld se siening in is die Woord van God baie duidelik daarvoor dat die vrou nie geskep is om enige leiersrol te vervul nie en nooit enige outoriteit (lering is ook 'n vorm van outoriteit neem) oor die man mag uitoefen nie.

**1 Tim 2: 9** So ook moet die vrou hulleself versier met fatsoenlike, kuis klere. In skugterheid en fatsoenlikheid sal hulle versiering wees, nie in vlegsels of goud of pêrels of in mooi klere nie, **10** maar in goeie dade, soos dit by vroue pas wat bely om God te aanbid. **11** Laat 'n vrou in stilte leer in alle gehoorsaamheid, **12** want ek laat die vrou nie toe om lering te gee óf oor die man outoriteit te neem nie, maar sy moet stil wees,

Kyk gerus na **Open 2:20** maar Ek het baie teen jou, want jy laat jou vrou, Izevel, wat van haarself sê dat sy 'n profetes is, toe om My diensknegte te leer en hulle te mislei om seksueel immoreel te wees en om offers aan afgode te eet.

Dit is nie 'n baasskap of onderdrukking nie, maar 'n vervulling van elkeen se kosbare rol. Ek weet dit is nie gewild nie en word misbruik, maar dit is die Bybel se standpunt. Wanneer daar dus 'n opdrag in die Woord gegee word, word die man aangespreek wanneer dit enigsins te doen het met outoriteit en die oordrag daarvan word aan die seun oorgedra. Die man het die verantwoordelikheid om toe te sien dat dit deurgevoer word. Deborah is die gewone vb. wat die vrou hierteenoor probeer gebruik. Kyk asb. mooi. Sy het 'n woord van God ontvang en dit na die leier geneem - sy het nie outoriteit of leierskap geneem nie. Sy vrese het veroorsaak dat 'n vrou (nie Deborah nie) die eer kry vir die oorwinning - sy het steeds nie leiding geneem nie. Ons moet ophou die Woord verdraai vir ons eie begeertes.

**Tweedens:** Daar is genoeg woorde in die Hebreeus om kinders en ander woorde mee te skryf dat dit met hulle geskryf sou word as dit die bedoeling was. Ek wil hulle graag vir u gee. "Glo dan volgens die dade wat julle sien" - die woordeboeke stel dit so:

H3211 - יָלִידַי **yaliyd** (yaw-leed') **adj.**

**1. born**

Een wat gebore word - 'n kind met ander woorde.

H3205 - יָלַדַי **yalad** (yaw-lad') **v.**

**1. to bear young**

**2. (causatively) to beget**

**3. (medically) to act as midwife**

**4. (specifically) to show lineage**

Die woord wat die meeste gebruik word vir algemene stellings van kinders in die Woord. Dit word gebruik as 'n "wat gebore is". Let op die stam ooreenkoms van die woord met H3211.

H3206 - יָלֵדַי **yeled** (yeh'-led) **n-m.**

**1. something born, i.e. a lad or offspring**

Let op die stam ooreenkoms en dat die woord ook eintlik manlik is. Dit word meestal manlik gebruik as "jongman."

H5288 - נַעַר **na`ar** (nah'-ar) **n-m.**

**1. (concretely) a boy (as active), from the age of infancy to adolescence**

**2. (by implication) a servant**

**3. (also, by interchange of sex), a girl (of similar range in age)**

Onthou dat "dienskneg" ook vertaal kan word as "jongman van die huis." Weereens manlik. Nr 3 dui duidelik aan dat daar 'n vroulike vorm gebruik word as dit vroulik is. NB vroulik kan nie sommer afgelei word van 'n manlike woord sonder vroulike verbuigings nie. Meervoud kan in 'n groep die konsep van kinders insluit as dit na nageslag verwys en nie na geslag nie. Bv. in Engels 'son' en 'boy' word albei in Afrikaans met seun vertaal, maar daar is 'n verskil in betekenis. 'n Seun en my seun het 'n spesifieke taalverskil.

H3382 - יָרֵד **Yered** (yeh'-red) n/p.

**1. a descent**

**2. Jered, the name of an antediluvian, and of an Israelite**

Indien enige woord gebruik wil word vir "kinders" wat 'n wye en algemene betekenis het, is dit hierde een. Let op dat die woord ook nie spesifiek manlik is nie.

Enige van hierdie woorde kon gebruik gewees het in 'n algemene stelling. Wanneer die belofte vir 'n nageslag gegee word, word eintlik net seuns belowe as die draers van die naam in die nageslag, maar ons weet dit sluit in dat die persoon ook dogters kan hê. Hierin kan die vertaler dan die vryheid om "kinders" te gebruik, toepas vir 'n duideliker verstaan van die breë begrip met die wete dat dit na 'n enger konsep verwys. Daar is niks fout daarmee nie, volgens my. Wanneer dit egter in die sinsgebruik spesifieke betekenis het, of na 'n skeppingsrol verwys, moet ons spesifiek wees in ons verwysing na die skeppingsrol en verloor ons die vryheid om dit algemeen te vertaal. Ons het 'n tesis nodig vir al die aspekte en voorbeelde, maar dit is nie die doel hier nie.

H1323 - בַּת **bath** (bath) n-f. - 498 keer in die Hebrew Old Testament.

**1. a daughter (used in the same wide sense as other terms of relationship, literally and figuratively)**

Let op dat die woord vroulik is en as kleindogter ens. ook gebruik kan word in die vroulike - nooit die manlike nie. Dit is dieselfde spesifiek vroulike as wat die volgende woord manlik is. Ek het nog nooit iemand gehoor wat hierdie woord op enige plek in die manlike probeer gebruik nie.

H1121 - בֵּן **ben** (bane) n-m. - Hierdie is die stamwoord waaroor die verskil kom. Let asb. duidelik op dat die woord **MANLIK** is. (Net soos wat 'bat' hierbo vroulik is.) In al sy verbuigings wat in die Woord gebruik word is hy slegs manlik.

Mickelson's Enhanced Strong's Greek and Hebrew Dictionaries

**1. a son (as builder of the family name), in the widest sense (of literal and figurative relationship, including grandson, subject, nation, quality or condition, etc.)**

Daar is geen moontlikheid van 'n vroulike insluiting in hierdie definisie nie. -Bouer (draer) van die familienaam - in the widest sense = **grandson** en dan groepe as deel van die nasie. Dit is hier belangrik om te let daarop dat die bevolking dus net as manlik getel is - dit is by verlossing / toedekking (soos met Yum Kippur) dat die gesin spesifiek genoem word as man, vrou en kinders - ja, elkeen het verlossing afsonderlik nodig.

Daar is woordeboeke wat by 'n derde, vierde afleiding plaas dat dit ook in die meervoud as "kinders m/v" gebruik kan word. Let op my stellings in die paragraaf na H3382 hierbo.

Die probleem kom in daarby dat die Bybels wat uit Grieks vertaal is die woord so gebruik omdat die woord ben met 19 verskillende woorde in die Griekse Bybel vetaal is, sonder nog die verbuigings.

ben	730a arsen	ben	G2992 laos
ben	G3502 nossos	ben	G3624 oikos
ben	G32 aggellos	ben	G3813 paidion
ben	G435 aner	ben	G3816 pais
ben	G444 anthropos	ben	G4454 polos
ben	G514 axios	ben	G4690 sperma
ben	G721 arnion	ben	G4864 sun agoge
ben	G1549 ek gonos	ben	G4912 sun echo
ben	G2447 ios	ben	G5043 teknon
		ben	G5207 huios

Kyk hoe lyk die KJV se lys: + *afflicted, age, (Ahoh-) (Ammon-) (Hachmon-) (Lev-)ite, (anoint-)ed one, appointed to, (+) arrow, (Assyr-) (Babylon-) (Egypt-) (Grec-)ian, one born, bough, branch, breed, + (young)*

bullock, + (young) calf, X came up in, child, colt, X common, X corn, daughter, X of first, + firstborn, foal, + very fruitful, + postage, X in, + kid, + lamb, (+) man, meet, + mighty, + nephew, old, (+) people, + rebel, + robber, X servant born, X soldier, son, + spark, + steward, + stranger, X surely, them of, + tumultuous one, + valiant(-est), whelp, worthy, young (one), youth.

Dit is vir my redelik onaanvaarbaar in enige vertalingskonsep en ek kan nie die rasionaal sien in meeste daarvan nie behalwe interpretasie in plaas van vertaling.

In die meer antieke woordeboek word 12 betekenis binne hulle genre bespreek en is almal slegs in die manlike. Die gebruik en stelling oor die meervoud stel my punt net nog duideliker. Dit verwys na die kinders van Yisra'el en ander meervoudsgebruike elke keer. Steeds bevestig dit die punt. Slegs wanneer die woord in die meervoud gebruik word.

"A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament" P 139-141

**בֵּן** (for **בְּנָהוּ** from **ר. בָּנָהוּ** no. 3) constr. **בְּנֵי**, and so before the prefixes **בְּ**, **בַּ**, **בְּ**, without Makkehph; rarely **בֶּן** Prov. 30, 1. Deut. 25, 2. Jon. 4, 10, and always before the pr. n. **בְּנֵי**; once **בְּנֵי** (like **אֲבֵי**) Gen. 49, 11, and **בְּנֵי** Num. 24, 3. 15. Plur. **בְּנֵי** as if from a Sing. **בֶּן**; constr. **בְּנֵי**.

1. a son. Arab. **ابْن**, plur. **بَنُونَ**, constr. **بنو**, **بنی**; in the Phenician remains very often **בן**; Aram. sing. **בֶּר**, **בֶּר**, from **בָּרָא** to beget, but with plur. **בְּנֵי**, **בְּנֵי**, **בְּנֵי**.—Spoken **καὶ υἱοὶ** of a king's son Is. 9, 5; comp. **בְּנֵי-מֶלֶךְ** Ps. 72, 1. Plur. **בְּנֵי** sons sometimes for children of both sexes, Gen. 3, 16. 21, 7. 30, 1. 31, 17. 32, 12. Deut. 4, 10; though this idea is more frequently put fully, **sons and daughters** **בְּנֵי וּבָנוֹת** Gen. 5, 4. 7. 10. 13. 11, 11 sq. In the Sing. there is also a trace of comm. gend. in **בְּנֵי-זָכָר** (more correctly **בְּנֵי זָכָר**) a man-child Jer. 20, 15; comp. **υἱὸς ἀνδρός** Rev. 12, 5.—Poet. **sons of the Greeks** for the Greeks themselves Joel 4, 6, like **υἱὸς Ἀχαιῶν**; also **sons of the Ethiopians** i. q. Ethiopians Am. 9, 7; comp. **בְּנֵי זָכָר** i. q. strangers Is. 2, 6, **בְּנֵי אֲבֵיּוֹן** i. q. the poor Ps. 72, 4, Gr. **δυστήμων παῖδες** Il. 21. 151. This mode of speaking every where implies a like condition of the father and son.

The word *son*, like those of father and brother (see **אָב**, **אָח**), is employed by the Hebrews in various other and wider senses, e. g.

Gesenius's Hebrew and Chaldee Lexicon P75-77 sê dieselfde met die volgende NB punt.

really], Isa. 9:5; compare **בְּנֵי-מֶלֶךְ** Ps. 72:1; pl. **בְּנֵי** sometimes used of *children* of both sexes, Gen. 3:16; 21:7; 30:1; 31:17; 32:12; Deu. 4:10; although more often there is fully expressed **בְּנֵי וּבָנוֹת** Gen. 5:4,

Wanneer die baniym בְּנִים meervoud vorm gebruik word, is dit moontlik om die woord as kinders te vertaal. Daar is egter vir my geen getuinis uit die betekenis of gebruik van die woord waar ben בֶּן (seun van) of beney בְּנֵי (seuns van) algemeen as kinders gebruik kan word nie.

Terug by ons onderwerp is die vers hier ter sprake **Num 15:37-39**.

37 יהיה het met Moshe gepraat en gesê:

38 "Praat met die **seuns** van Yisra'el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tossel van elke soom 'n tou van blou stof vasbind. Deut 22:12; Mat 9:20; 23:5

39 Die tossels sal wees **sodat julle** daarna kan kyk en **al die opdragte van יהיה onthou** en dit doen en nie agter dit aangaan waarna julle hart en jul oë aan hoereer nie

40 sodat julle kan onthou om al My opdragte te doen en vir julle God afgesonder te wees.

Vs 38 "seuns van = בְּנֵי beney. - Op hierdie punt behoort daar nou geen argument meer te wees nie. Kom ons pas wat ons glo aan by die Woord en nie by ons begeertes nie.

Daar is 'n verdere misverstand in die vers dat dit daarna kan verwys dat dit net vir myself herinner aan die wet van God en my afgesonderdheid en niks met ander te doen het nie. Soos baie tereg sê: dan het ek nie meer nodig om dit te doen nie, want ek het die Gees van God in my wat my herinner. Dit is egter nie waarna die "sodat julle" verwys nie - Vader praat met die volk. Dit is 'n getuiens en herinnering aan ander dat hulle die wet moet onderhou en afgesonderd moet leef. Dan maak dit ook sin omdat hulle wat nie die Gees het nie daardeur aangespreek kan word in ons tyd. Dit is dan ook met ander woorde 'n aanspreek en verkondiging van waarheid wat weereens die man se taak en opdrag is, wat weereens die bo-genoemde gedagtes bevestig.

Ek het nog nooit vir enige iemand gesê dat hy die tzitzit moet dra nie, maar as jy in hierdie tye wil uitstaan en hulle rondom jou aanspreek oor die waarheid is dit 'n goeie plek om te begin. Mense op straat, by die lughawe en in winkelsentrums praat daagliks met my en vra vrae en dit maak die deur oop vir gesprekke oor die waarheid. Hier by ons, waar redelik baie Yisra'elies kom, is dit ook 'n gespreksaanknoper en jaloersmaker **Rom 11**, want hulle vra almal hoekom ons dit dra en nie die Kippah nie.

Gerrie C Coetzee

gerrie@padwlewe.ch